

## #HoeNou?! – Episode 13: ROMEO EN JULIET

Die liefde is nie altyd maanskyn en rose nie, soos die vele verhale van gedoemde paartjies in die literatuur getuig: Romeo en Juliet, Lancelot en Guinevere, Tristan en Isolde, en Mark Anthony en Cleopatra. Waar kom die uitdrukking “star-crossed lovers” vandaan, en hoe gebeur dit dat ons vandag maklik die Engels van Shakespeare verkeerd kan verstaan?

### Het jy geweet?

- “Star-crossed lovers” in Afrikaans is *gedoemde paartjie* (aldus Pharos se A-E/E-A woordeboek). M.a.w. ‘n paartjie wat *veroordeel/geoordeel* is nog voor hulle eintlik sukses kon hê.
- *Gedoem* soos in *gedoem tot mislukking*.
- *Verdoemenis* waar iemand **verdoem (of vervloek)** is tot ‘n ewigdurende straf.
- *Doem* se wortels is meer as 4 000 jaar oud en beteken ‘oordeel’.
- Die woord *verdomde* hou verband met *verdoemde*. Dit is dus oorspronklik ‘n vervloeking, net soos die Engelse *damn, damn it > demmit*. Later *verdomde > verdomp*.

### Waar kom die Engelse “star-crossed lovers” vandaan?

- Dit kom natuurlik in Shakespeare voor. Die aanhaling:

*Two households, both alike in dignity,  
In fair Verona, where we lay our scene,*

...

*From forth the fatal loins of these two foes  
A pair of star-cross'd lovers take their life;*

- Romeo en Juliet – 1597

### Het jy geweet?

- “Star-crossed” se oorsprong kom uit die astrologie.
- As jou sterretekens belyn is, gaan jy en jou geliefde mekaar vind. Indien nie, is julle reeds deur die sterre verdoem nog voor julle ontmoet het.
- Twee vertalings van Romeo en Juliet in Afrikaans: Beide in 1975.
  - **André P Brink** – *Die tragedie van Romeo en Juliet*

### Afrikaans:

*Twee huise, eenders in hul waardigheid  
In fraai Verona waar ons stuk afspeel,*

...

*Uit die gedoemde lende van die vyande*

*Ontspring twee minnaars deur hul ster bedreig;*

- **Jan H Kroeze** – *Romeo en Julia*

**Interessant:**

- 1 uit elke 9e woord in Shakespeare-dramas beteken nie meer wat ons dink dit beteken nie. Bv.

*O Romeo, Romeo, wherefore art thou Romeo?* In Brink se vertaling lees ons:

*O Romeo, Romeo! **Waarom** is jy Romeo?*

**Dus:**

**Wherefore** = waarvoor = waarom

**Klassieke paartjies**


- Romeo en Juliet (< Romeus en Juliet)
- Lancelot en Guinevere
- Tristan en Isolde
- Paris van Troje en Helena van Sparta
- Venus en Adonis
- Mark Anthony en Cleopatra
- Cyrano de Bergerac en Roxane
- Heloise en Abelard
- Aeneas en Dido (Vergilius)
- Pelléas en Mélisande
- Troilus en Cressida
- Oedipus en Iokaste

**Moderne paartjies**

- Jack en Rose (Titanic)
- Anakin Skywalker en Padmé Amidala (Star Wars-saga)
- Ennis en Jack (Brokeback Mountain)
- Jake en Neytiri (Avatar)

**Bronne:**

- <https://en.wikipedia.org/wiki/Star-crossed>
- [https://en.wikipedia.org/wiki/Romeo\\_and\\_Juliet](https://en.wikipedia.org/wiki/Romeo_and_Juliet)
- [https://af.wikipedia.org/wiki/Romeo\\_en\\_Juliet](https://af.wikipedia.org/wiki/Romeo_en_Juliet)
- [http://shakespeare.mit.edu/romeo\\_juliet/romeo\\_juliet.1.0.html](http://shakespeare.mit.edu/romeo_juliet/romeo_juliet.1.0.html)



**BRON EN EIENDOMSREG:** GERHARD VAN HUYSSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.